

Sondag 24 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 8:10-13

Fokusgedeelte: Nehemia 8:11

Ons het rede om fees te vier

As ons gister se dagstukkies oor Nehemia 8:1-7 in gedagte hou, is daar 'n wending in die gebeure. Vreugde en lofprijsing word met die aanhoor van die wet 'n gehuil. Heel moontlik huil die volk omdat hulle hul sonde en skuld besef. Die volk is só diep deur hulle sonde-besef aangeraak dat hulle deur Nehemia, Esra en die Leviete tot bedaring gebring moes word. Ons lees woorde soos *treurig*, *huil* en *bedroef*. Ek wonder of ek al ooit hierdie reaksie by 'n gemeente gesien wanneer ek die wet voorgelees het.

In 'n sekere sin van die woord is dit egter die besef van ons ellende en sonde waarom ons onself aan Christus wil verbind. Die wete dat Jesus vir my sondes en bloed en pyn betaal het, moet ons ook nostalgies maak. By trane kan dit egter nie bly nie. Dit is waarom Nehemia, Esra en die Leviete die volk tot bedaring wil bring. In die Here steek daar baie meer as ons ellende en straf. Ons het rede om fees te vier, en Nehemia, Esra en die Leviete wil dit by die volk tuisbring.

Daar is rede om fees te vier, want ons vier fees vir die Here en vir wat Hy gedoen het en steeds in ons lewens doen. Daarom stel hulle 'n dag in wat aan die Here gewy word juis omdat Hy goed is en sy kerk liefhet. Ons sonder ook dae vir die Here af, soos Nag-maal, Hemelvaart, Kersfees en eintlik elke Sondag. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe ons moet feesvier, nie met 'n gehuil en geweën, elkeen met lang gesigte nie, maar omdat daardie dae aan die Here gewy is om tot sy eer en heerlijkheid bly te kan wees.

Sing: Psalm 46-1:1, 2

Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)